:—: Koers :—:

TWEEMAANDELIKSE TYDSKRIF

DEEL XVII No. 1 AUGUSTUS. 1949.

# CHRISTELIKE WETENSKAP.

1.

Op die publikasie van die C.N.O.-beleid deur die I.C.N.O. het die "Association of University Workers," die "Education League" en die "League of Women Voters" in brosjures en in die pers gereageer— reaksies wat in ons party-politieke stryd verstrik geraak het. Hierdeur is die op soveel onkunde en misverstande rustende verwarring van die genoemde reaksies vermeerder. Tog bestaan ook by menige wetenskaplike 'n non-politieke verontrusting oor die C.N.O.-beleid en oor sy implikasies. Dit is o.a. om hierdie rede goed dat die C.N.O.-beleid in verskillende tydskrifte, waar onder ook „Koers" bespreek sal word.

In hierdie artikel beperk ek my tot die vraag wat onder 'n **„Christelike" Wetenskap** verstaan moet word.

2.

Godsdiens en wetenskap het deur die eeue heen gebots. Dink maar aan die gifbeker wat Sokrates moes drink en aan Galileo wat gevange geneem is. Die kommunistiese, fasjistiese en nasionaal-sosialistiese regimes getuig ook van hierdie konflik. Ook die liberalisme het hierdie konflik nie vry gespring nie; ook die scientisme nie, soos blyk uit die bekende stryd van die kerk teen die evolusieleer. Uit dergelike botsings blyk dat dit nie net die kerk (of die godsdiens) is wat die wetenskap wil

oorheers en onderdruk nie, maar ook die wetenskap wat die kerk (of die godsdiens) die swye wil oplê en oorheers.

'n Uitweg uit hierdie konfliksituasie—populêr o.a. in liberalistiese kringe—is om godsdiens en wetenskap te skei. Die godsdiens word dan beperk tot die religieuse, sedelike, geestelike of emosionele lewe en die wetenskap tot die feite, die natuur en (of) die rede. Insover beide na dieselfde doel sou strewe, word gestel dat beide as 't ware langs parallelle lyne beweeg en mekaar nie kruis nie.

Algemeen word hierdie oplossing nie aanvaar nie. Godsdiens (as die diens van God met jou hele hart, met jou hele siel, **met jou hele verstand** en met al jou kragte) sluit **kennis** in en het dus ook 'n redelike* kant. Godsdiens en wetenskap bied beide waarheid en hulle behoort mekaar aan te vul en te ondersteun omdat die waarheid 'n eenheid is. Ook die eenheid van die menslike persoonlikheid vereis dat godsdiens en wetenskap nie radikaal geskei sal word nie. Juis omdat bostaande die geval is sê in die betrokke konfliksituasies soveel wetenskaplikes die kerk (en die godsdiens) vaarwel of verwerp godsdienstiges dikwels alle menslike wetenskap as dwaasheid.

Godsdiens en wetenskap mag ons nie skei nie, maar **onderskei** moet ons hulle wel. Elk het sy besondere taak en funksie, is soewerein in eie kring en vry in eie bevoegdheid. Die een kan die ander nie vervang en mag die ander nie oorheers, krenk of verkrag nie. Maar beide sal in onderlinge afhanklikheid mekaar vryelik tot diens en seën wees. **Christelike wetenskap** is wetenskap wat van sy kant 'n vrye wisselwerking met die Christelike (as die absolute) godsdiens welkom heet. Ons waardeer dan ook wat „de Rector en de Senaat van de Leidsche Universiteit" in hul gelukwense aan die Vrije Universiteit sê, nl.: „Waar een Plato terecht verklaart dat wie den godsdienst aantast daarmede de grondslag van de samenleving zelf wegneemt, moet men ook luisteren naar hen die niet willen dat in den Hoogen Raad der Wetenschappen aan de ernstige stem der religie het zwijgen worde opgelegd."*

3.

Tussen verskillende vakwetenskappe (bv. natuurkunde en wiskunde, biologie en sosiologie, fisiologie en sielkunde, staatkunde en ekonomie)

*Tereg dra èen van prof. dr. B. B. Keet se werke die titel: **„Ons Redelike Godsdiens."**

*Bls. 202 van die **„Dedenkboek van die Viering van het 50-jarige Bestaan der Vrije Universiteit te Amsterdam."** (Kok, Kampen, 1931). In dieselfde gees het ook die ander universiteite en Hoë-skole in Holland die Vrije Universiteit wat tot doel het die beoefening van 'n Christelike Wetenskap gelukwens.

bestaan 'n wisselwerking. Vandag word van natuurwetenskaplike kant weer 'n wisselwerking bepleit tussen filosofie en die natuurwetenskappe. Die wisselwerkingsbeginsel word algemeen aanvaar; dit beteken dat die een wetenskap waarhede wat hy van 'n ander wetenskap nodig het, sal leen en gebruik. So leen bv. die natuurkundige wiskundige waarhede; as hy self oor hierdie waarhede sou wil beslis, is hy geen natuurkundige meer nie, maar speel hy wiskundige; hy word egter geen wiskundige deur as natuurkundige die nodige wiskundige waarhede te leen nie.

**Christelike Wetenskap** is wetenskap wat eis dat alle ander wetenskappe* nie net onderling nie, maar ook met die teologie** in vrye wisselwerking sal staan. Dit verteologiseer die ander wetenskappe nie, net so min as wat die natuurkunde deur die lening van wiskundige waarhede „verwiskundig" word. Insover egter ander wetenskappe self wil beslis oor teologiese waarhede (bv. oor hul **absolute** grondslag, waaroor later), verteologiseer hulle hulself wel.

**Christelike Wetenskap** aanvaar naas die „;skepping" (die feite, die natuur, die kosmos, die **„ervaring"** of hoe u dit ook wil noem) ook Gods Woord as bron vir die wetenskap. Die Bybel—in voor-wetenskaplike taal geskryf—is geen wetenskaplike handboek en mag nie as sodanig misbruik word nie. Omdat veral die teologie die Heilige Skrif ondersoek en sy gegewens tot wetenskap verwerk, sal die nie-teologiese wetenskappe in wisselwerking met die teologie Bybelwaarhede gebruik wat elk van hulle op sy terrein nodig het maar nie aldaar kan verifiëer nie.

In die botsing tussen godsdiens en wetenskap word dikwels op insidentele gegewens gewys, bv. dat Josua gebid het dat die son moes stilstaan (asof Josua in die tegniese taal van die sterrekunde van vandag moes gebid het!) of dat al die diersoorte onmoontlik in die ark kon gekom het. Insidentele Skrif-gegewens—reg verstaan—het ook vir die aangewese wetenskappe hulle betekenis. Maar van meer fundamentele belang is die algemene lig wat Gods Woord as leidrade vir die wetenskap bied. Want die Heilige Skrif bied sy sentrale motief, nl. die sondeval van die mens en sy verlossing in Christus, op die agtergrond van die openbaring van die verhouding van God tot die hele skepping en bied hiermee ge-

*D.w.s. die wysbegeerte en die vakwetenskappe; onder die vakwetenskappe resorteer die natuurwetenskappe, die kultuurwetenskappe, die godsdienswetenskappe en die antropologiese wetenskappe.

**Natuurlik met die Christelike (i.c. met die Gereformeerde) teologie. Hierdie standpuntseleksie is nie ongerymd nie; so ook soek die liberalistiese staatkunde wisselwerking met die liberalistiese ekonomie, die evolusionistiese sosiologie met die evolusionistiese biologie en die gestalte-sielkunde met die gestalte-fisiologie.

gewens wat die grondslae van die hele wetenskap in al sy geldedinge tref. Enkele dergelike leidrade gee ek ter illustrasie.

a. God alleen is **God,** die Alpha en die Omega, uit Wie, deur Wie en tot Wie alle dinge is; Hy alleen is absoluut en algenoegsaam. Die geskape werklikheid (die „wêreld," die „ervaring," die kosmos) is geheel en al van God afhanklik, aan Sy wet onderworpe, onselfgenoegsaam en nie absoluut nie. „Jy mag geen ander gode voor My aangesig hê nie," beteken in die wetenskap dat die wetenskap niks van die skepping mag verabsoluteer en selfgenoegsaam stel nie; wie dit tog doen, dien teoretiese afgode. Hoe wemel dit nie in die wetenskappe van dergelike teoretiese afgode nie! Dit rede (rasional**isme),** die ervaring (empir**isme),** die feite (positiv**isme),** die natuur ,natural**isme),** die eksakte natuurwetenskap (scien**tisme),** die psigiese (psigomon**isme),** die evolusie (evolusion**isme),** die gestalte (gestalte-**isme),** die instink (instinkti**visme),** die seksuele (seksual**isme),** die geheel (hol**isme),** ensovoorts, word in die betrokke wetenskappe (elk op sy beurt) selfgenoegsaam gestel, d.w.s. teoreties vergoddelik. Die leidraad wat Gods Woord ons hier bied is: „Vermy alle **„-ismes"** wat iets kreatuurliks selfgenoegsaam en absoluut maak." Waar anders as in die Heilige Skrif kry ons hierdie veelseggende, regulatiewe prinsipe? Wat beteken hierdie prinsipe nie vir alle wetenskappe nie!

Wetenskappe wat hierdie leidraad nie ken nie en op hul betrokke terreine in die betrokke „ismes" verval, verteologiseer hulself omdat hulle oor die **absolute** en die **selfgenoegsame** 'n uitspraak gee. Maar die **Christelike Wetenskap** wat hierdie leidraad volg, laat God alleen **God** bly, smokkel geen teoretiese afgode in die onderskeie wetenskappe in nie en is daardeur vir verteologisering gevrywaar.

Dikwels word ons as **kritiese toets** die vraag gestel: „hoe is 'n Christelike wiskunde moontlik?" Christelike wiskunde huldig geen teoretiese afgode nie en verwerp alle wiskundige „-ismes", soos bv. die intuisionisme, die formalisme en die logisisme. Dit sien die grondslae van die wiskunde „in U lig". Dit is die aanvaarde grondslae in die wiskunde wat aan die parsiële waarhede, soos $2+2=4$, hul eintlik betekenis gee.

b. Baie „dinge" het uit ander „dinge" ontstaan. Maar bestaan daar ook 'n verskeidenheid wat nie uit ander „dinge" ontstaan het nie, 'n oerverskeidenheid deur God in Sy skepping gelê? Let maar daarop hoe die „-ismes" die oerverskeidenheid wegredeneer; bv. vir die materialisme is alles materie, vir die psigomonisme is alles psigies, vir die evolusionisme is alles ontwikkelende natuur. Teoreties kan elkeen volgens die eise

van sy teoretiese afgod die oerverskeidenheid wegredeneer. Gods Woord openbaar ons dat God in Sy skepping 'n oerverskeidenheid gelê het en dat wat God onderskei het, nie vereenselwig mag word nie. **Christelike Wetenskap** sal getrou aan hierdie leidraad die oerverskeidenheid in die skepping erken en opspoor. Daarmee word die prinsipiële grense van die wetenskap erken; want die oorsprong van die oerverskeidenheid lê in Gods skeppingswil en kan die wetenskap nie verklaar nie.

Nog meer, die Heilige Skrif openbaar dat God vir die hele skepping Sy wet gestel het en dat ook die oerverskeidenheid saamhang. Die menslike verstand kan nie insien en verklaar **hoe** die oerverskeidenheid kan saamhang, bv. hoe wesensverskillende „dinge" soos bewussynsprosesse en harsingsprosesse op mekaar kan inwerk nie. In die samehang van die oerverskeidenheid word ons onthul die alle menslike verstand te bowe gaande wonderstruktuur van die geskape heelal, 'n wonderstruktuur wat die wetenskap geroepe is om bloot te lê en daarin Gods grootheid te verkondig. **Christelike Wetenskap** aanvaar die wonders van God en sien die wonder as die grondslag van die wet waarbinne alleen verklaring moontlik is. So erken ook die Christelike wiskunde die samehangende oerverskeidenheid van getal, ruimte, tyd, intuïsie en die logiese denke en weier dit om hierdie oerverskeidenheid uiteindelik weg te redeneer in diens van een of ander teoretiese afgod of "-isme." Die eenheid van hierdie en van alle ander oerverskeidenheid lê volgens die Christelike wetenskaplike transkosmies (transsendent) in die skeppingswil van God.

c. Die Heilige Skrif leer dat die wêreld (met die mens) baie goed geskape is, maar dat die mens en die wêreld deur die sonde en deur die vloek van God verword en abnormaal is. Wat beteken hierdie leidraad nie vir alle wetenskappe wat die verlede en die ontwikkeling ondersoek en vir wetenskappe wat (soos die opvoedkunde en die staatkunde) met die mens te doen het nie? Wie egter die Skriflig ignoreer, kan nie soos die **Christelike Wetenskap** met hierdie leidraad rekening hou nie! Die Heilige Skrif openbaar verder dat omdat die mens verword is, hy sy afgode (dus in die wetenskap sy teoretiese afgode) soek en dien en dat slegs deur die wederbarende geloof in Christus die mens van sy afgode (dus die wetenskaplike van sy teoretiese afgode) verlos kan word.

5.

Die doelstelling „wetenskap terwille van wetenskap" herberg 'n rasionalistiese vergoddeliking (dus verafgoding) van die wetenskap. Die humanistiese doelstelling „wetenskap terwille van die mens" herberg 'n mensvergoding en denatureer die waarheid tot nuttigheid vir die mens.

Die **Christelike Wetenskap** (en dus ook die Christelike Wiskunde) het as doel „die eer en die verheerliking van God (a. deur die blootlegging van die waarheid en b) deur (as wetenskap) by te dra tot die heil van die hele geskape werklikheid deur God aan die sorg van die mens toevertrou."

6.

a. Dierkundiges (volgens Prof. Watson*) aanvaar die evolusie (o.a.) omdat die enigste alternatief, nl. skepping vir die wetenskap onaanneemlik is. Op hierdie onbewysbare dogma (die onaanneemlikheid van skepping) is in die algemeen die gangbare natuurwetenskap gebou. Hierdie dogma is religieus omdat dit handel oor die absolute en selfgenoegsame grondslag van die natuurwetenskap. Die natuur word verabsoluteer en vergoddelik want die natuur moet hiervolgens geheel en al uit die natuur en sonder die wonderwerke van God verklaarbaar wees. Die rede word verabsoluteer en vergoddelik want aanvaar mag word slegs wat sonder die geloof voor die vierskaar van die rede aanneemlik is. Slegs deur 'n afvallig religieuse geloof kan hierdie religieuse dogmas gestel word. 'n Religieus neutrale wetenskap bestaan nie, omdat die absolute grondslag van die wetenskap óf God óf 'n teoretiese afgod is **Christelike Wetenskap** erken en ondersoek krities die invloed van die religieuse geloof op sy navorsing en teorieëbou n is meer krities as die religieus afvallig-gelowige wetenskap wat hom t.o.v. sy eie religieuse grondslae nie verantwoord nie en meestal diktatoriaal en dogmaties dekreteer, bv.: „skepping is onaanneemlik." Tereg sê Sombart van die huidige wetenskap: „Die wetenskap word heilig gespreek . . . Ons het hier met 'n proses te doen wat ek die verabsolutering en vergoddeliking van die wetenskap genoem het. Die geloof aan die wetenskap het die geloof aan God vervang en het bygeloof geword . . . Die wetenskap word voorwerp van kultus . . . en hierdie afgodediens beklee hom met die gewaad van die Rasionalisme."*

b. Die betrokke, afvallig-gelowige en dus religieus gefundeerde dogmas maak die opvatting van wetenskap histories relatief. **Eintlike** wetenskap (science, epistêmê) en dus voorbeeld vir alles wat hom as wetenskap aanbied is vir die antieke denkers: filosofie; vir die middeleeuse denkers: teologie; vir die vroeg-moderne rasionualiste: wiskunde; vir die huidige positiviste (scientiste): natuur- en skeikunde; en vir die nuutste

*In sy voorsittersrede voor die dierkundige afdeling van die sitting van die Britse Genootskap vir Bevordering van die Wetenskappe, 1929, te Kaapstad.

*Vert. uit W. Sombart: Der Proletarische Sozialismus," I, bls. 238, Gustav Fischer, Tema, 1924.

opvatting: die psigo-biotiese wetenskappe. Wie het gelyk? Solang as wat die wetenskap teoretiese afgode soek en dien, sal hierdie historiese relativiteit van die wetenskapsopvattinge bly bestaan: In elk van die genoemde gevalle word die ander wetenskappe agterryers en diensmaagde van die bevoorregte wetenskappe*. Wetenskap wat die gestelde voorbeeld hoegenaamd nie kan navolg nie, word uit die eerbiedwaardige tempel van die wetenskappe gewerp.** **Christelike Wetenskap** verwerp hierdie religieus gefundeerde voortrekkery en stel op sy religieuse grondslag dat **elke** wetenskap sy besondere taak en sy eie ideaal het, dus op sy wyse eintlike wetenskap (science) is, soewerein in eie kring en vry in eie bevoegdheid, en dat geen wetenskap agterryer of diensmaagd van ander sal wees en geen terwille van ander uit die tempel van die wetenskappe uitgewerp sal word nie. Teologie is net so goed wetenskap (science) as skeikunde en filosofie as natuurkunde. Die Christelike wetenskapsopvatting oorwin hierdie historiese relativiteit, omdat dit die eenheid van die verskeidenheid van wetenskappe nie aan 'n teoretiese afgod ('n „-isme") bind nie, maar transkosmies fundeer in die eenheid van die waarheid wat in en van God is en omdat wetenskap gesien word slegs as soveel as moontlik geverifiëerde en so veel as moontlik gesistematiseerde kennis.*

c. In die gangbare (positivistiese) wetenskappe heers 'n voortrekkery (eintlik 'n tirannie) van die sog. natuurwetenskaplike (scientific, empiries-induktiewe) metode. Ons illustreer dit aan die evolusieleer.

**Bewys** is die evolusieteorie nie; sy teoretiese bewyse is sirkelredenerings omdat die betrokke ooreenstemmings vooraf evolusionisties vertolk word, terwyl die genetiese, fisiologiese, embriologiese en ander eksperimentele ondersoek aantoon hoe onhoudbaar evolusie* is. Die geloof aan

---

*Die huidige (positivistiese) wetenskapsopvatting laat bv. nie toe dat die biologiese wetenskappe van doel, doelmatigheid, organisme, entelegie, ens. spreek nie en eis dat hierdie wetenskappe slaafs in die fisies-gemiese skema sal inpas en meganiese oorsake sal soek. Interessant is die feit dat die nuutste wetenskapsopvatting hiermee breek; bv. Dr. Broom laat 'n goddelike „organizer" die evolusieproses lei om die mens voort te bring. (Our Changing Worldview, W.F.U. uitgawe, pp. 46 en 165.

**Die huidige (positivistiese) wetenskapsopvatting erken bv. dat ook nie teologie en filosofie as wetenskappe (sciences) nie!!

*Geverifiëerd, wat wetenskaplike kennis wil geldig wees; gesistematiseerd, want die wetenskap gryp die samehang van sy gegewens; so veel as moontlik, want menslike kennis het sy grense, die wetenskap ontwikkel en die wetenskaplike is (soos elke mens) 'n verworde wese.

*Onder evolusie verstaan ek tronsformasie van soorte; ontwikkeling binne die soort bestaan.

evolusie rus in die dogma van die onaanneemlikheid van skepping **en** is resultaat van die tiranniese gebruik van die genoemde, empiries-induktiewe metode. Hierdie metode baseer sy hipoteses op waarneming en **generaliseer** hierdie hipoteses (as hulle—liefs deur eksperimente—bevestig word). Binne perke het hierdie metode bestaansreg. Maar insover aan die generalisasie van hierdie metode geen grense gestel word nie, kry sy resultate 'n religieus-dogmatiese waarde. As ek **net** hierdie metode mag gebruik en nie ook wesensverskille mag soek nie en dus slegs op ooreenstemmings tussen bv. mens en dier mag let, dan **moet** ek die mens as **dier** sien. **Christelike Wetenskap** aanvaar hierdie natuurwetenskaplike metode binne perke, verwerp die heersende eensydige voortrekkery en tirannie van hierdie metode van soek na wesensverskille. In die mate wat wesensverskille ontdek word, word die generalisasie van hierdie metode beperk. In die mate wat u bv. wesensverskille tussen mens en dier ontdek, leer u die mens as **mens** sien. Ontneem die huidige biologie sy natuurvergoding en sy eensydige metodevoortrekkery, dan val die grondslae waarop die evolusieleer bou, ook weg.

Uit hierdie drie voorbeelde blyk dat die gangbare (positivistiese) wetenskapsopvatting nie neutraal is nie, maar op 'n afvallig religieuse geloofsgrondslag rus.

7.

Die laaste Grondslag van die **Christelike Wetenskap** is dieselfde as die van die Christelike godsdiens, nl. die God van die Skrifte, Skepper van hemel en aarde. Op hierdie eenheid van grondslag kom botsings tussen godsdiens en wetenskap ook voor, omdat die wetenskap ontwikkel en die gelowige Christen ook sondaar is. Ernstig is hierdie botsings egter nie, want hulle kan en moet deur verder navorsing oorwen word, omdat die waarheid eenheid is. Hoeveel botsings is bv. nie deur die opgrawings oorwen nie?

Maar as die Christelike godsdiens met sy Christelike geloofsgrondslag bots met 'n wetenskap wat op 'n religieus afgodiese grondslag gebou word, dan is die botsings ernstig en onoplosbaar (tensy een van die grondslae prysgegee word). Pogings om in dlergelike gevalle godsdiens en wetenskap te versoen is 'n verkragting van die godsdiens en (of) van die wetenskap. Niks het die Christelike godsdiens meer geskaad as dergelike versoeningspogings nie, wat die Christelike godsdiens tot agterryer van 'n wetenskap met 'n afgodiese grondslag maak. Die enigste uitweg hier is dat die Christelike godsdiens as bondgenoot kry 'n **Christelike Wetenskap** wat dan op die gebied van die wetenskap die religieus afvallige wetenskap bestry. So 'n wetenskap sal self ontdek en bou, maar

sal bowedien die geweldig vele waarheidsmomente deur sy teëvoeter ontdek, erken nadat hy hul losgewikkel het uit die strikke van die betrokke afvallige grondslae en hy sal sy aanvalle veral op hierdie grondslae loods.

Wie eenmaal ingesien het hoe ook die Christen **as Christen** geroepe is om die wetenskap te beoefen en hoe 'n Christelike wetenskap moontlik is en verder hoe „'n wetenskap wat die Christelike geloofsgrondslag mis noodwendig op 'n afvallige geloofsgrondslag rus, hy besef dat ook op die terrein van die wetenskap die waarheid en die leuen in 'n stryd om lewe en dood gewikkel is en dat ook op die gebied van die wetenskap die stryd tussen die Ryk van die Lig en die Ryk van die Duisternis woed. Hy kan nie anders nie as om Christus ook as Koning van die wetenskap te erken, die wetenskap „in U Lig" te beoefen en tot eer en verheerliking van God vir Die Waarheid te stry nie.

Potchefstroom. H. G. STOKER.